

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

19 SEPTEMBER 2025 - JAARGANG 57-1694

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
17 September 2025 - 93.04%
17 September 2024 - 97.63%
Reënval vir die week:
0.3mm

MBD
ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Drie-en-twintigjarige sterf in ongeluk



Die Toyota Hilux wat die pad verlaat het. Lees die volledige berig op bl 3.
Foto: Verskaf.

Lees binne:
Moordenaar
gevonniss
bl 2

Jongwyn-
skou
bl 6

Delicious
kampioene
bl 8

Weervoorspelling vir die week
MBD
ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Don.18/09 6°/25°	Vry. 19/09 10°/30°	Sat.20/09 8°/23°	Son. 21/09 12°/26°
Ma.22/09 9°/22°	Di. 23/09 6°/19°	Wo. 24/09 10°/26°	Inligting verkry vanaf AccuWeather 17 Sept. 2025

21ST
4x4
Bergkraal
- SEDERT 2004 -
27 SEPT
PLEK: BERGKRAAL (R363)
VERTREKTYD: 9:00
KOSTES: R250/voertuig
*Slegs kontant
PRYSUITDELING BY
TYD: 18:30 VIR 19:00
* DANS
* VEILING
* BRAAIVLEIS TEKOOP
WHATSAPP: GERRIE - 076 1011 291 NIEL - 084 843 1893
SKAKEL: FRIKKIE - 083 630 6370

Braaidag
Die Handelspos @Museum
Lambertsbaai
24 September 2025
10:00 - 13:00
Braaibord R100.00
• Skaaptjop
• Hoender
• Wors
• Slaai
• Roosterkoek
Kaartjies beskikbaar:
Helga Bouwer 066 208 6234
Ten bate van Sandveld Museum

NOU
GAAN ONS
BRAAI
EN DANS!
23 SEPTEMBER 2025
NOUVEAU KOLLEGE
MANDJIE-BRAAI EN DANS
BESPREEK BETYDS U TAFEL/KAARTJIES!
• TAFELS, STOELE EN VURE WORD VOORSIEN
• MUSIEK (DJ BOTTIE)
• EIE EET EN DRINKGOED
R100 PER VOLWASSENE
R30 PER SKOOLKIND
NOUVEAU LERERS GRATIS
KAARTJIES EN BESPREKINGS
SKAKEL: KANTOOR - 027 470 0117
WHATSAPP: RINETTE - 084 800 2056

NG-Kerk Citrusdal bied aan:
Manne Aand met
Andries Vermeulen
Datum: 25 September 2025
Tyd: 18:00 vir 18:30
Plek: NG-Kerk Citrusdal, Kersaal
Koste: R 250 per persoon / R 2 500 per tafel (vir 10 mense)
Kontak Persone : Zak:070 518 3361 Jaco :076 477 4312

AKTUELE NUUS

Man gevonniss na vrou se dood

Berig: Kaptein Van der Westhuizen en Annemarie Munnik

KOEKENAAP: 'n Suksesvolle vonnisoplegging kan toegeskryf word aan twee speurders, konstabel Links tans te Vredendal FCS en konstabel Swarts (foto onder) van Lutzville Speurtak vir hul deursigtige ondersoek in 'n moordsaak. Lutzville SAPD het op Maandag, 13 Januarie 'n oproep ontvang van 'n moord in White City, Koekenaap. Elizabeth McGregor (53) is met 'n besem deur Joseph Goliath (65) aangerand. Haar liggaam is op haar bed gevind

met kneusplekke en albei haar arms was gebreek. Goliath het erken dat hulle 'n argument gehad het, waarna hy haar met 'n besem geslaan het. Hy is gearresteer en het op Donderdag, 16 Januarie die eerste keer in die hof verskyn. Goliath het skuldig gepleit. Hy is op Woensdag, 10 September in Vredendal Streeks-hof gevonniss tot 25 jaar direkte gevangenisstraf waarvan 7 jaar opgeskort is. Hy moet 16 jaar uitdien voor hy in aanmerking kan kom vir parool.



Verskeie rolspelers was deel van die simulاسie.

Simulasie plaasaanval loop goed af

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: 'n Goed beplande simulاسie-oefening van 'n plaasaanval op 'n afgeleë plaas in die distrik is op Donderdag, 11 September uitgevoer. Hierdie operاسie het ten doel gehad om lede se ingesteldheid, reaksietyd, paraatheid, hul vernuf op tonele, asook die samewerkingsverhouding tussen die verskillende entiteite te toets. Teen die agtergrond was 'n ontsnapping uit die Vanrhynsdorp Gevangenis. Dan die aanval op die plaaseienaar, slagoffers seermaak en vasbind en daarna die plek aan die brand steek. Dan die plundery en steel van vuurwapens en nog items, asook die vlug van die vier verdagtes met een van die plaas se bakkies. Die klank van sirenes was wyd hoorbaar met almal

op pad na die toneel. Hommeluie in die lug en die aanwending van alle hulpmiddels het groot opskudding veroorsaak. Mens kon jou verkyk aan die taktiese benaderings op die toneel, afspering, die hantering van bewysstukke, fotografering, beseerdes se stabilisering, uitblus van die vure en al die ander gepaardgaande aksies. Drie ure later is al vier verdagtes deur die gesamentlike operاسie aangekeer en kon 'n goeie nabetracering deur die provinsie se evaluاسiespan met almal betrokke gedoen word. Alle leemtes en tekortkominge sal aandag geniet vir die volgende byeenkoms. Graag bedank Vanrhynsdorp SAPD almal wat betrokke was en hoop dat hulle ten minste twee keer per jaar by so 'n simulاسie sal kan uitkom.



Slegs 51% Wes-Kaapse vullissterreine slaag oudit

Persverklaring

MATZIKAMA: Net 19 van die 37, oftewel 51% van die Wes-Kaapse vullissterreine wat vanjaar as deel van AfriForum se jaarlikse vullissterreinoudit geoudit is, voldoen aan die mees basiese vereistes om gemeenskappe en die omgewing teen besoedeling te beskerm. Boonop kon vier van dié terreine nie daarin slaag om eens 'n nakomingspunt van meer as 10% te haal nie en al ses van die terreine wat in die Matzikama Munisipaliteit geoudit is, het die oudit gedop. Die vullissterreine wat vanjaar die swakste in dié provinsie presteer het, is die Klawer-terrein met 'n nakomingspunt van 0% teenoor 2024 se 6% en Lutzville-terrein 10%, teenoor 2024 se 0%. Nuwerus behaal 14% teenoor 2024 se 6%. Vanrhynsdorp verbeter aansienlik van 2024 se 10% na 56%. Vredendal behaal 40% teenoor 20%. AfriForum se verslag dui aan dat die nuwe vullissterrein onder konstruksie is. AfriForum waarsku dat die swak prestasie van vullissterreine in veral die Matzikama en Hessequa Munisipaliteite dui op ernstige sistemiese

probleme ten opsigte van afvalbestuur in dié gebiede. "Met slegs een uit elke vyf vullissterreine wat voldoende basiese maatreëls het om die gemeenskap en omgewing teen besoedeling te beskerm, bevestig die uitslae van AfriForum se jaarlikse vullissterreinoudit weereens dat die meerderheid munisipaliteite landwyd nie in staat óf bereid is om basiese funksies van dienslewering te verrig nie," verduidelik Marais de Vaal, samesteller van die vullissterreinouditverslag en raadgewer vir Omgewingsake by AfriForum. Die Wes-Kaap - waar 51% van terreine wat geoudit is aan 80% of meer van die ouditvereistes voldoen het, het naas Gauteng vanjaar die beste gevaar in dié oudit. AfriForum sal die ouditbevindings aan die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing voorlê en eis dat munisipaliteite aanspreeklik gehou word vir hul mislukte pogings om vullissterreine te bestuur.

**KANTOORGEBOU
TE
HUUR**

VREDENDAL

Kontak
082 889 1820

**PROTEA
DRUKKERY**

Sentraalstraat, Vredendal
Epos: info.onskontrei1@gmail.com
Tel: 027 213 2074

Ontwerp en druk van boeke
Maak van stempels

Kontak ons gerus vir
'n gratis kwotasie



FAKTUUR/INVOICE

KWITANSIE/RECEIPT

BESTELLING/ORDER

AFLEWERINGSNOTA

PRE-CHECKLIST

JOBKAARTE

DEBIETNOTAS

HOOF NUUS

Dogter wreed deur stiefpa vermoor Jong man sterf dag na verjaardag

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Die SAPD is Vrydag, 12 September om 21:16 uitgeroep na 'n bakleiery in Hopland. Konstabel Nell het die klagte bygewoon.

Die voorval het in Emerald Street in nuwe Hopland plaasgevind. Die dogter en haar ma was onderweg van iemand anders se huis na hulle huis, toe die stiefpa hulle ingewag het. Hy en sy 18-jarige stiefdogter was in 'n argument betrokke wat vermoedelik met jaloesie en die skeisaak verband hou. Die ouers was reeds van bed en tafel geskei. Beide die pa en sy stiefdogter was nugter toe die voorval plaasgevind het. Die beskuldigde het die moord gepleeg terwyl die ma toegekyk het. Die beskuldigde het blykbaar aan die ma gesê hy gaan haar nou wys hoe hy haar gaan seermaak. 'n Ooggetuie het die SAPD gekontak.

Nell sê toe hy op die toneel aankom, was die eerste ding wat hy gesien het die man wat gebukkend oor die liggaam van 'n jong vrou gestaan het. Nell het hom genader en gevra wat gebeur het. Die stiefpa se eerste woorde aan Nell was dat hy haar gesteek het en dat Nell hom moes wegvat en in die vangwa laai.

Nell het die moordwapen onder die dogter se liggaam gekry toe die

nooddienste haar liggaam weggehaal het hospitaal toe. Sy is om 21:40 deur die dokter aan diens dood verklaar. Die meisie se liggaam is deur Vredendal Forensie geneem vir 'n nadoodse ondersoek.

Al die rolspelers is gekontak en speurdersersant Ntlangula wat op bystand was, was ook op die toneel.

Die vingerafdruk personeel het op die toneel foto's geneem. Saterdag, 13 September het Ntlangula ooggetuies ondervra. Hy het ook 'n verklaring van die ma geneem. Die verdagte is gearrester vir Moord en Sondag ondervra. Hy was in aanhouding totdat hy Maandag, 15 September in die hof verskyn het. Die saak is uitgestel vir verdere ondersoek. Die staat sal borg opponeer indien hy daarvoor aansoek doen. Hy is intussen na die Vanrhynsdorp Gevangenis oorgeplaas.

Volgens lede wat op die toneel was, was die voorval net so wreedaardig soos die destydse Plaatjies/April moordsaak. Die meisie het ongeveer 24 steekwonde opgedoen, maar dit kan meer wees nadat die nadoodse ondersoek afgehandel is. Behalwe vir al die steekwonde het die stiefpa haar keel ook oopgesny.

Berig: Annemarie Munnik

Foto: Verskaf

VREDENDAL: 'n Jong man, Henry George Arp (23) is Saterdagoggend, 13 September 'n dag na sy verjaarsdag in 'n ongeluk oorlede.

Die ambulansbeheerkamer het om ongeveer 04:23 'n oproep ontvang van 'n voertuig wat ongeveer 3 km buite Vredendal in die rigting van Vanrhynsdorp langs die pad lê.

Met die nooddienste se aankoms het hulle 'n wit Toyota Hilux Club cab aan die linkerkant van die pad in die sloot, met een insittende aangetref. Na mediese ondersoek is Arp dood verklaar. Hy het vermoedelik na 03:00 al die pad verlaat.

Volgens sy identiteitsdokument wat by hom gevind is, het hy Vrydag, 12 September verja.

Arp het in 2019 aan Hoërskool Vredendal gematrikuleer. Volgens Vredendal SAPD was Arp werksaam by Jan van Niekerk op Gifberg en sy ouers, Morné en Antoinette woon in Namibië. Sy oom, na wie hy vernoem is, was 30 jaar gelede net 'n entjie van waar Henry oorlede is, ook in 'n motorongeluk betrokke. Dit het gebeur op die draai aan Vredendal se kant van die Klawer-afrit. Hy het beheer oor die voertuig verloor, dit het omgeslaan en in die wingerd tot stilstand gekom. Hy is later aan inwendige beserings oorlede.

"Vir 'n oomblik was jy vir ons geleen en het

jy ons lewe kom inkleur met jou bestaan. Jou glimlag kon selfs die hardste hart verkrummel. Miskien is dit hoekom jy tuis groep is, sodat engele ook kan lag. Mag jy rus in Yaweh se arms tot ons mekaar weer eendag kan omhels. 'n Rukkie vir ons geleen, maar 'n leeftyd in ons harte.

Al ons liefde," pappa, mamma, ousus, kleinsus, oom Herman, tannies Sarita, Karin en almal wat jou liefgehad het.

Sy lewensviering vind Saterdag, 20 September om 10:00 vanuit AGS Kerk Vredendal plaas.



Henry Arp.

Plaaslike superhelde reageer vinnig

Berig en foto: Annemarie Munnik

VREDENDAL: Een harde slag en omstanders spring in om te help. Dit na twee voertuie, Donderdag, 11 September omstreeks 07:20 in Kerkstraat voor Total Energies Expressmark ofwel Kaap Agri vulstasie in 'n ongeluk betrokke was.

Volgens Vredendal SAPD het die grys Nissan Qashqai vanuit rigting Klawer die dorp binnegekom. Die wit Toyota Fortuner het uit Hospitaalstraat, reg voor die Nissan ingery om by die vulstasie in te gaan. Die Nissan het die Toyota aan die bestuurderskant getref. Die trefslag het tot gevolg gehad dat die Toyota op sy dak te lande gekom het.

Die enjin van die Toyota het nog geluier en wit rookwolke gemeng met olie het by die uitlaatstelsel uitgeborrel. Hendrik Filander, Heinrich Engelbrecht, Fredie Mtuli en Desmond Owies wat werksaam is by Total Energies Expressmark het dadelik met veiligheids-

kegels gehardloop om die pad af te sper. Hulle het ook brandblussers saamgeneem, indien daar 'n brand sou ontstaan. Ander omstanders het die nooddienste geskakel. Lede van die publiek het die ma en dogter uit die Nissan gehelp, terwyl ander die Toyota se deur probeer oopkry het. Die slag het veroorsaak dat nie een van die deure kon oopmaak nie. Omstanders het die katebak oopforseer om die bestuurder uit te help.

Kort voor lank was die ambulansdienste, die SAPD en plaaslike verkeer op die toneel, met die brandweer kort op hul hakke.

Die insittendes het ligte beserings opgedoen en is ook vir skok behandel. In-sleepdienste het eers die Nissan weggehaal, waarna die Toyota met meer moeite verwyder is. Verkeer is herlei en die pad was om ongeveer 08:15 weer oopgeruim.



Omstanders help die bagasie uit die Nissan laai.



BIDDERSCHOICE

Your Trusted auction Choice.





R362, Af van N7, Trawal, naby Klawer, Olifantsriviervallei, Wes-Kaap

www.bidderschoice.co.za

Veiling Ter Plaatse

STELLAR AGRI & STELLAR WINERY (EDMS) BPK (IN SAKEREDDING)

BEPALINGS EN VOORWAARDES:

- FICA Dokumente.
- 10% Kommissie plus BTW betaalbaar.
- Geen registrasiefooi.
- Die reg word voorbehou om items te onttrek of by te voeg.

BESIGTING:
18 SEPTEMBER 2025
(09:00 – 15:00)

KONTAK:
CASPER - 082 459 8877

Veilingsdatum:
19 SEPTEMBER 2025 @ 11:00





Jukskei Club

DANS

met DJ Robus

SEP 27 Saterdag
18:00
R250 PER PERSOON
ETE INGESLUIT
HONTANT HROEG
GEEN HINDERS



VANRHYNSDORP
JUKSKEI CLUB



ONS HOU 'N OPE DAG OP BRAAIDAG

PLEK: ONS SHELTER / LANGS VREDENDAL SPORTTERREIN

TYD: 10H00 TOT 14H00

DATUM: 24 SEPTEMBER 2025

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

KLAWER:
Nouveau Kollege bied aan
Mandjie-Braai en dans
Dinsdag, 23 September
Kontak 027 470 0117 of WhatsApp
084 800 2056

VREDENDAL:
MACAW Opedag
Woensdag, 24 September
10:00 tot 14:00
By die shelter langs
Vredendal-Suid Sportterrein

LAMBERTSBAAI:
Braaidag
Die Handelspos @Museum
Woensdag, 24 September
10:00 -13:00
Kontak 066 208 6234

CITRUSDAL:
Manne Aand met
Andries Vermeulen
Donderdag, 25 September
18:00 vir 18:30
NG-Kerk Kerkzaal
Kontak 079 518 3361 of
076 477 4312

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za (Cederberg)

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
Desiree van Wyk 027 213 2074
Acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

'n Nuwe begin

1 Korintiërs 15:28 "En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees." (Afrikaanse Vertaling 1953)

Die wonderlike eienskap van 'n spieël is dat dit in sy wese is om vol te word van dit waarnatoe hy wys. Indien jy 'n spieël voor 'n monster hou, dan word die spieël vol van die wreedheid en afskuwelikheid van die monster. Maar wanneer jy daardie selfde spieël voor 'n prinses hou, dan word dit gevul met die skoonheid en sagtheid van die prinses.

In 'n sekere sin gebeur dieselfde met ons. Dit waarnatoe ons ons lewens draai, daarmee sal ons lewens vol word. Indien ek

fokus op my loopbaan, sal my hele lewe later daarvoor gaan om 'n goeie loopbaan vir myself te skep. Die gevolg is dat daardie monster in my te voorskyn sal kom, naamlik om op die mense te trap wat in die pad staan van my sukses. Indien dit geld is waarnatoe ons draai, dan sal ons alles meet aan rand en sent. Ons sal baklei vir elke sent wat ons kan kry.

Net soos 'n spieël, het God ons gemaak om na Hom toe te draai sodat ons vol kan word van sy heerlikheid, liefde, genade en skoonheid. Sy beeld moet in ons te voorskyn kom (volgens vers 49).

Met die sondeval van die eerste Adam het ongehoorsaamheid begin. Die mens het gekies om sy lewe vol te maak met aardse goed wat tot groot boosheid lei, en daarom is die einde daarvan die dood. Om bevry te kon word uit die mag van die dood, moes iemand met volmaakte gehoorsaamheid 'n

einde maak aan die ongehoorsaamheid van Adam.

Daarom, indien ons terugkyk oor die afgelepe vyf jaar van ons lewens, dan moet ons kan sien hoe ons meer eerlik is, kritiek beter kan hanteer, geduldiger is, vrygewiger is met ons geld, meer vergewensgesind is, minder angstig en meer dapper is. Dit is alles tekens van die opstandingskrag van Christus in ons lewens. Indien dit nie merkwaardig sigbaar is nie, beteken dit dat ons te min voor die aangesig van God kom.

Skrifberyming 5 vers 1 en 2. Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Ons het sy heerlikheid aanskou, die van Godsenige Seun; die heerlikheid van Hom wat van die Vader kom, wat vol genade en deernis en vol van waarheid is.

Doktor PJ de Bruyn

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Kindness to tourists in distress

From 31st August until 6th September, my wife, a friend visiting SA from Austin, Texas and I did the wild flower tour up to Namaqualand, as well as the Biedouw Valley and the Cape's West Coast.

Starting off in Clanwilliam at the 'Flower Church', on Sunday 31st, we were blown away by the spectacular display there, followed by amazing sittings north and west of the town.

On Wednesday 3rd September, and in the late afternoon whilst travelling on the R364 between Nieuwoudtville and the Biedouw Valley turnoff, we unfortunately suffered two punctures. This was in the Doringbos region, so obviously could not proceed as our vehicle is only equipped with 1 spare wheel!

To our assistance came a team of local provincial road workers, who stopped to

see if we were OK and asked how they could help. They insisted on remaining with us until they were sure that we were safe and had received assistance from the CMB Towing company and Tyremart in Clanwilliam.

The Tyremart owner, Jurie Helberg, was fantastic, keeping his business open long after closing hours whilst the tow-in was affected, and ordering new tyres for us, ours having been damaged beyond repair. Jurie then drove us out to the Biedouw Valley turn-off late that evening (we had to wait for the delivery from Cape Town of two new tyres and which could only be done the next day, Thursday 4th), where we were met by our host for the Wednesday and Thursday nights in the Biedouw Valley, Rika van der Merwe.

On Friday morning, 5th September, Rika

drove us back through to Clanwilliam to collect our vehicle with its new tyres from Tyremart, so that we could continue with our wild flower tour down the coast to the West Coast National Park.

We are hugely grateful to how these Clanwilliam folk (Jurie and his assistant, Rousseau, the road crew, a young couple who also stopped for us out on the road - sadly, we didn't get their names, the tow-truck driver, and Rika), who all went out of their way and the proverbial extra mile to help us. They have so endeared us to Clanwilliam that we were looking forward to returning there, and not only for the flower season!

Clanwilliam, thanks to the Good Samaritans mentioned rocks!

Rob MacLean

Wat moet ons nog gade slaan?

Hierdie trotse ou gebou (foto onder), in besit van die Matzikama Munisipaliteit - eintlik 'n nasionale gedenkwaardigheid - lyk so in die hande van 'ons' (?) munisipale bestuur. Bestrooi met drankbottels, vullis, uitgeslane vensters, gebruikte kondome - en besig om uitmekaar te val. Daar is al baie gespook om die munisipaliteit te moti-

veer om iets te doen om die verval te keer, maar soos met alles - gebeur daar niks. Verkoop? Ja, maar teen 'n belaglik prys. Wag seker dat dit een nag afgebrand word, om dan van die versekering te kan eis! Wat moet ons nog gade slaan?

Dr SP Tredoux



Motorfietsryers ondersteun gemeenskap

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL-NOORD: Motorfietsryers van Biker Boys, is Vrydag, 12 September deur Olifantsrivier Vereniging vir Persone met Gestremdhede genooi om deel te wees van hul Fetale Alkohol Spektrum Versteuring (FASV) Bewusmaking Staptog vanaf die Vredendal-Noord Kliniek. Die doel van hierdie staptog was om 'n kragtige boodskap oor te dra oor die belangrikheid van gesonde leefstylkeuses en die voorkoming van FASV. Die Biker Boys se teenwoordigheid en ondersteuning was nie net 'n groot inspirasie vir die gemeenskap nie, maar dit het ook gehelp om die boodskap verder uit te dra. Van die kinders het ook die geleentheid gekry om op 'n motorfiets te sit. Almal het om 09:00 by Vredendal-Noord Kliniek bymekaargekom, waarna hul om 10:00 met die staptog begin het.

"Hope is the foundation.
Knowledge is the tool.
Compassion is the path."
Unknown

COLLECT NUTRIFRESH
FREE!

GET A STICKER WITH EVERY R100 YOU SPEND
COLLECT THE STICKERS YOU NEED TO GET ITEMS FREE!
OR COLLECT 25 STICKERS TO SAVE UP TO 70%

PREP • SERVE • STORE

nutrifresh™

nutrifresh™ is a registered trademark used under license by TCC Global N.V.

VALID UNTIL 21 SEPTEMBER 2025 AT SELECTED STORES IN THE WESTERN CAPE

189⁹⁹
per pack
Save R60

Pampers Active Baby Diapers or Pants Value Pack Assorted Sizes (Incl. New Baby) (Excl. Premium)

34⁰⁰
Save R10

Protex Soap 200 g

40⁰⁰
Save R16

Jik Bleach 750 ml

49⁹⁹
Save R30

Sta Soft Fabric Softener Bottle Assorted 2 litre

100⁰⁰
Save R30

SPAR Large Eggs 18s & SPAR Steakies or Back Bacon 500 g

44⁹⁹
Save R15

Kellogg's Coco Pops Range or Froot Loops 340 g / 350 g

94⁹⁹
Save R15

Fair Cape Long Life UHT Milk Assorted 6 x 1 litre

15⁹⁹
Save R4

Fatti's & Moni's Macaroni or Spaghetti 500 g

20⁰⁰
Save R16

Reboost Energy Drink Assorted 500 ml

99⁹⁹
Save R60

Poolbrite Monthmate Super Plus Floater 1.5 kg

80⁰⁰
Save R12

Bosveld Briqueettes 3 kg & Wood Starter 4 kg

Fresh choice

SPAR freshline Veg Combo Potatoes 2 kg, Tomatoes 1 kg, Onions 1 kg & Carrots 750 g

34⁹⁹
each

SPAR freshline Mushrooms 400 g

Butcher's best

79⁹⁹
per kg

Your Butcher by SPAR Bulk Pork Rib Chops

44⁹⁹
per kg

Rainbow Fresh Whole Chicken in Bag

89⁹⁹
per kg

Your Butcher by SPAR Boneless Pork Neck Steak or Roast

85⁹⁹
per kg

Your Butcher by SPAR Pork Fillet

Baker's choice

21⁹⁹
each

SPAR Bakery Hamburger or Hotdog Rolls 6s

16⁹⁹
each

Sasko Standard White Bread 700 g

tops!
at SPAR

EVERYONE WINS

R300 MILLION

In GUARANTEED prizes

BUY | SWIPE | REDEEM

SEE IN-STORE FOR DETAILS.

164⁹⁹
each
WITH Rewards CARD

4th Street Sweet Red, Sweet Rosé, Sweet White or Late Harvest 5 litre

184⁹⁹
each
WITH Rewards CARD

Firstwatch Whisky 750 ml

109⁹⁹
each
WITH Rewards CARD

Mayfair Gin & Dry Lemon (incl. Variants) 6 x 440 ml

169⁹⁹
each
WITH Rewards CARD

Olaf Bergh Solera Brandy 750 ml

SWIPE WIN! FREE DELIVERY

For your nearest TOPS at SPAR store, phone our share call number 0860 31 3141 or visit www.topsatspar.co.za. Specials available at all TOPS at SPAR stores from 17 September up to and including 21 September 2025, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Price and product availability may vary by region. Prices include VAT. No traders please.

#No aware

Not For Persons Under The Age Of 18.

Specials available from 17 September up to and including 21 September 2025 at all SPAR & SUPERSPAR stores in the Western Cape incl. Kakamas, Springbok, Port Nolloth, Kalahari Mall, Victoria West, River City, Camavon & Brays (Keimos), Selected KWIKSPAR stores, excluding SPAR Express and SaveMor stores. Excludes store in George, Knysna & Plettenberg Bay. Selected products may not be available at all stores. While stocks last. Prices include VAT. No traders. E & OE. No wine or pork is sold in Halaal stores. T's and C's apply. See in-store for more.


SIGN UP FOR MORE! MORE SAVINGS. MORE WINS. MORE FOR YOU.

Maximum 5 SPAR Rewards deals per product, per customer on all **SAVE EXTRA** products. While stocks last. Ts & Cs apply.

SPAR

INDEKS**Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings**

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE AKKOMMODASIE
24. REKENAARS
25. KANTOOR-TOERUSTING
26. BOUMATERIAAL
27. BOUWERK / VERF
28. VERVOER
29. AKKOMMODASIE
30. TE HUUR
31. SEKURITEIT / WAPENS
32. FIETSE
33. MASJINERIE/IMPELEMENTE
34. ONDERDELE / ENJINS
35. MOTORHERSTELWERK
36. SLEEPWAENS
37. MOTORFIETSE
38. WOONWAENS
39. VOERTUIE
40. EIENDOM
41. BETREKKINGS
42. BLINDINGS
43. ELEKTRIESE-WARE
44. GRASSNYERS
45. TE KOOP
46. TE RUIL



PASELLA ADS
IS GRATIS
Geen handelaars

SOEK: Groot en-suite kamer vir 'n dame in 'n veilige omgewing om te huur, 073 723 3389.

WANTED: Flexitime, live-in position required by health evangelist. 061 002 1225.

TE KOOP: Powermaster petrol generator 2.8 KVA @ R6000, 083 985 2808.



Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249

Kort op kontant?
Ons kan help!

Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente

SASSA Trekkers:

ID afskrif, betaalstrokie

Salaris Trekkers:

ID afskrif, salarisstrokie &

3 maande bankstaat

*Terme en Voorwaardes geld

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

Deed of Transfer T6790/2022

passed by **Norman Lewis Hess**, identity number **550829 5156 084** and **Johanna Hess**, identity number **560930 0157 081**, married in community of property

in favour of **Pieter Fäneul Engelbrecht**, identity number **561227 5134 085**, unmarried

in respect of certain **Erf 410 KLAWER**, in the **Matzikama Municipality, Division Vanrhynsdorp, Province Western Cape** which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Western Cape at Cape Town at Floor 4, Information Desk, 2 Riebeeck Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at VREDENDAL this 15th day of September 2025.

Applicant:

KOOS COETZEE ATTORNEYS

14 Dorp Street, Vredendal, 8160

Email: admin@kcplaw.co.za

Contact number: 027 213 1869



Begrafniskennisgewings

ARP

HENRY GEORGE

12/09/2002 - 13/09/2025

Privaat Diens

Privaat Verassing

DE WEE

KASPER

12/01/1965 - 11/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag 20 September 2025 vanuit die huis te 130 Derdestraat, Calvinia om 09:00. Teraarbestelling, Calvinia Begraafplaas.

LABAN

GERRIT

05/09/1989 - 06/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag 20 September 2025. Kerkdiens vanuit die Gemeenskapsaal, Middelpas om 09:00. Teraarbestelling Middelpas Begraafplaas.

SCHOLTZ

SOPHIE

23/11/1960 - 11/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Sondag 21 September 2025 vanuit die huis te 151 Ultra Singel, Vredendal-Noord om 10:00. Teraarbestelling Vredendal-Noord Begraafplaas.

THYS

EVA

06/10/1969 - 06/09/2025

Begrafnisdien vind plaas op Saterdag 20 September 2025 vanuit die huis te Buitekantstraat 101, Vredendal-Noord om 10:00. Kerkdiens in die Vergenoeg Skool Saal om 11:00. Teraarbestelling, Vredendal-Noord Begraafplaas.

Olifantsrivier Kampioene 2025

Berig en foto's: Annemarie Munnik



Landbouprodusente en wynmakers wat toekennings ontvang het.

VREDENDAL: Die 2025 Jongwynskou het Saterdag, 13 September by die Keldery plaasgevind. Gaste is by die spoggerige geleentheid deur Jan van Zyl verwelkom.

Monika de Jager van die Namaqua West Coast Wine route sê beoordeling vind plaas by die Nasionale Jongwynskou. Elke streek bied hul eie plaaslike Jongwynskou aan wat dan in streeksverband toegeken word, op die Nasionale Jongwynskou se uitslae.

Die winners is as volg: **Die Distell Trofee** - Kampioen Wit Nie-Kultivar (Versnit): Lutzville Vineyards se Sauvignon Blanc/Sémillon/Sauvignon Blanc - goud nasionaal. Die produsente is JP de Villiers, plaas: Sanderf (blok 4 en 6), kultivar: Sauvignon Blanc. Riaan Wiese - plaas: Voorbeeld Boerdery (blok nommer 15), kultivar: Sauvignon Blanc. Johan Coetzee, plaas: Coetzee Trust (blok nommer V2), kultivar: Semillon.

Nedbank Wisseltrofee - Kampioen Wit Kultivar (ongehout): Lutzville Vineyards se Sauvignon Blanc. Produsente: JP de Villiers, plaas: Sanderf, kultivar: Sauvignon Blanc. Riaan Wiese, plaas: Voorbeeld Boerdery, kultivar: Sauvignon Blanc.

Klaswenners onder die Wit Kultivar groep: Lutzville Semillon- produsent: Johan Coetzee, plaas: Coetzee Trust, kultivar: Semillon. Lutzville Verdelho- produsent: André Cornelissen, plaas: Jundu, kultivar: Verdelho.

Mountain River Groep Wisseltrofee - Kampioen Droë Wit Kultivar met Hout: Klawer Wynkelders - Chenin Blanc. Produsent: Christiaan van Lill van Arbeidseind.

Spruitdrift Wynkelder Trofee - Kampioen Natuurlike Soet Wit Tafelwyn: Klawer Wynkelders - Straw Wine - goud nasionaal. Produsent: Christiaan van Lill van Arbeidseind.

CJ Petro Wisseltrofee - Kampioen Chenin Blanc: Namaqua Wines - ongehout. Produsente: Petr Burger van Wespoort en Altus Baard van Bruinklip.

CDS Groep Wisseltrofee - Kampioen Sauvignon Blanc: Lutzville Wingerde - ongehout. Produsente: JP de Villiers, plaas: Sanderf, kultivar: Sauvignon Blanc. Riaan Wiese, plaas: Voorbeeld Boerdery, kultivar: Sauvignon Blanc.

Warren Chem Wisseltrofee - Kampioen Chardonnay: Lutzville Wingerde - ongehout. Produsent: Christo Basson, plaas: Draairivier, kultivar: Chardonnay. Produsent: Johan Coetzee, plaas: Coetzee Trust, kultivar: Chardonnay.

Distillers Korp. Beperk Trofee - Kampioen Rooi Versnit: Namaqua Wines - Ruby Cabernet/Merlot/Petit Verdot - ongehout. Produsente: JG van Zyl van Draaihoek en Herman Nel van Middelpaas.

AEB Africa Wisseltrofee - Kampioen Pinotage - Klawer Wynkelders - ongehout - goud nasionaal - (2de beste Pinotage in die land). Produsent: Christiaan van Lill van Arbeidseind

Lallemand Wisseltrofee - Kampioen Merlot: Klawer Wynkelders - ongehout - goud nasionaal. Produsent: Christiaan van Lill van Arbeidseind.

Protea Chemicals Wisseltrofee - Kampioen Shiraz: Namaqua Wines - gehout. Produsent: JAE

Thiart van Liebendal.

Klaswenner: Lutzville Shiraz - Produsent: Fair Roots (Pty) Ltd, plaas: Fair Roots Estate, kultivar: Shiraz.

World Cooperage Wisseltrofee - Kampioen Cabernet Sauvignon: Namaqua Wines - gehout. Produsente: Tiaan en Johan van Zyl van Harar.

Beveratech Wisseltrofee - Kampioen Ruby Cabernet: Namaqua Wines Klas 72 nommer 12 - ongehout. Produsent: JG van Zyl van Draaihoek.

Eerste Nasionale Bank Trofee - Kampioen Rooi Kultivar (ongehout): Klawer Wynkelders Pinotage - goud nasionaal (2de beste Pinotage in die land). Produsent: Christiaan van Lill van Arbeidseind.

Mountain River Groep Wisseltrofee - Kampioen Droë Rooi Kultivar met Hout: Namaqua Wines Merlot. Produsent: Johan Ebersohn van Le Souvenir.

Sanlam SFP Trofee - Kampioen Soetwyn: Klawer Wynkelders Wit Muscadet Klas 88 nommer 3. Produsent: Christiaan van Lill van Arbeidseind.

Wemmie van Zyl - Klawer Wynkelder.

KWV Kampioenwyn - Klawer Wynkelders Pinotage ongehout - 2de beste Pinotage in die land. Produsent: Christiaan van Lill van Arbeidseind.

Gaste kon vooraf aan dié verskillende wyne proe, asook 'n heerlike driegangmaaltyd geniet.



Monika de Jager, Eonie en Roelof van Schalkwyk saam met Christiaan van Lill.

Meer foto's op
Ons Kontrei
se Facebookblad.



Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Atlete kuier in die Kaap

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Die afgelope naweek het die gewilde Outsurance Gun Run in Kaapstad plaasgevind. Elf langasems van Namaqua Atletiekklub spring met die skiet van die kanon weg vir die halfmarathon oor 21 km en maak as't ware daarvan 'n familie-wedloop in die klein.

Chris Barnard (03:25:34), Frieda Barnard (03:25:34), Lee-Ann Barnard (03:25:33), Danie Calitz (02:29:05), Sharon Calitz

(02:10:22), Elizabeth Coertzen (01:58:15), Denise Farmer (03:09:17), Alwyn Maass (02:21:22), Aninda Maass (02:21:22), Janico Stipp (02:14:26) en Tana van der Westhuizen (01:58:16).

Earlin Ockhuis voltooi die vorige dag die 10 km-roete in 01:04:40, en Danie en Sharon Calitz doen die Fair Cape Trail Run 10 km op Kuiperskraal - Danie 01:01:11:025, Sharon 01:06:13.



Lee-Ann Barnard, Chris Barnard, Tana van der Westhuizen, Denise Farmer en Frieda Barnard.



Sharon en Danie Calitz, Janico Stipp, Alwyn en Aninda Maass en Elizabeth Coertzen.

Motorfietsryers maak hartjies bly

Berig en foto: Annemarie Munnik



Lede van Matzikama Motorcycle Ministries en SAPD personeel.

LUTZVILLE: Opgewonde gesiggies het Saterdag, 13 September by Lutzville SAPD se traumakamer vir Matzikama Motorcycle Ministries (MMM) ingewag. Die motorfietsryers het 'n Toydrive spesiaal vir dié stasie beplan.

Terwyl die kinders vir die motorfietsse gewag het, het die stasiebevelvoerder, kaptein Van der Westhuizen die kinders meer vertel oor die SAPD. Sy het aan hulle demonstreer hoe die polisie hulself beskerm met 'n tonfa en ook wat die doel is van 'n koeëlvaste baadjie. Een seuntjie het die geleentheid gekry om die baadjie aan te trek en daarmee te hardloop.

Die kinders was ekstasies toe motorfietsse brullend met verkeersbegeleiding die stasie nader. Kaptein Van der Westhuizen het vir Marius Jacobs van MMM en die ander motorfietsryers verwelkom en bedank vir hulle besoek.

Jane Skippers, wat slagofferondersteuning by die traumakamer vrywillig behartig, het die besoek gelei.

Konstabel Morris 'n speurder by FCS SAPD Vredendal het vir die kinders vertel wat haar werk in die SAPD behels. Sy het kinders ook aangemoedig om vir 'n verantwoordelike persoon te vertel as iemand hulle seermaak of onregverdig behandel.

Jacobs sê twee motorfietsgroepe het saamgespan om die sagte speelgoed af te lewer. MMM staan teen geslagsgebaseerde geweld en dit is tyd dat die gemeenskap standpunt inneem om op te

staan teen geweld van vrouens en kinders. Willy Basson van Tsalach Riders het ook die geleentheid gehad om met die kinders te gesels. Hy het hulle ook gemotiveer.

Matzikama Motorcycle Ministries beplan nog projekte later vanjaar.

Kinders het die geleentheid gehad om saam met die motorfietsryers te dans. Daarna is die speelgoed oorhandig en kinders het elkeen 'n pakkies skyfies ontvang.

Regs is van die speelgoed op 'n Suzuki.

Boksers maak gemeenskap trots

Berig en foto's: Verskaf

VREDENDAL: Gold and Gloves Boxing Club Vredendal het op 13 en 14 September deelgeneem aan die WP Kadet en Junior Kampioenskappe te Mosselbaai.

Die klub is trots om te deel dat Jeraan van der Ross 'n derde plek behaal het,

terwyl Waldonay Solomons die silwermedalje gewen het in die finaal. Die klub bedank elkeen vir julle ondersteuning en bydraes. Met die volgende kampioenskappe beoog boksers niks minder as goud nie.



Jeraan van der Ross en Albie van Zyl (afriqter).



Waldonay Solomons en Albie van Zyl (afriqter).





MATZIKAMA MUNICIPALITY
VACANCIES

1. Librarian – Vredendal South
2. Peace Officer – Matzikama Area

Closing date: 3 October 2025 at 15:30

The full advertisement and application form is available on the Municipality's website at www.matzikamamunicipality.co.za

LJ PHILLIPS
MUNICIPAL MANAGER

MUNICIPAL OFFICES
CHURCH STREET 37,
VREDENDAL 8160
TEL: 027 201 3300

Reference: V15/2025

154855

www.ayandambanga.co.za



Minrite
MINERAL PROCESSING INNOVATION

Minrite is a Mineral Processing company situated in Lutzville. We currently have the following vacancy at our Lutzville branch.

Laboratory Supervisor

Oversees the analytical chain, quality control and plant monitoring to ensure accurate and reliable production results. This role also manages laboratory staff, maintains safety and compliance standards and ensures precise record-keeping for all processes.

Main Duties:

- Quality Control
- Plant Monitoring
- Administration, House Keeping and Safety
- People Management

Requirements:

- Grade 12 certificate.
- Degree/Diploma Chemical Engineering; Metallurgical Engineering or Analytical Chemistry.
- Experience in similar role will be extremely advantageous.
- Ability to communicate in English and Afrikaans.
- Experience in a similar production environment.
- Working knowledge of MS Excel and Word.
- Literacy and numerical ability to ensure effective recording.

Subject: Laboratory Supervisor - Minrite West Coast

Please submit your **updated CV, Matric Certificate** and all other relevant **qualifications** to riana@erakis.co.za or hand deliver to **Riana Marais Station Road - Minrite** by no later than **15:00 on 22 September 2025**.

Should you not hear from Minrite within 2 weeks of the closing date, please consider your application as unsuccessful.

Stempels

Beskikbaar by

ONS KONTREI

KANTORE,

CENTRALSTRAAT 8

VREDENDAL

TEL: 027 213 2074

Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

SPORT NUUS

19 SEPTEMBER 2025

Stuur sportklub nuus na

edit.onskontrei1@gmail.com



Delicious A-span na hul oorwinning.

Delicious NWB Groot Uitdaag ligakampioene

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Delicious Rugbyklub het Saterdag, 13 September hul ligawedstryd teen Majestics van Citrusdal gespeel.

Die wedstryd het op Clanwilliam by die sportgronde plaasgevind. Delicious het reeds verlede naweek die liga gewen en dié wedstryd teen Majestics was net 'n formaliteit.

Delicious het die wedstryd teen 'n geweldige pas begin en het al die fasette van die wedstryd oorheers. Hulle het vier vinnige drieë in die eerste twintig minute gedruk en gou-gou met 28-0 voorgeloop. Majestics het nie gaan lê nie en het by tye met skitterende rugby vorendag gekom. Delicious moes bontstaan om Majestics se aanslae af te weer.

Teen rustyd was die telling 28-0 in Delicious se guns. In die tweede helfte van die wedstryd het Delicious die krane begin oopdraai en was hul hopeloos te sterk vir Majestics. Die voorspelers het oorheers in die fasette en hul stempel begin afdruk. Die agterspelers se spoed, krag en vaardighede was op die ou end hopeloos te veel en die span het die drieë begin inryg. Majestics het steeds moedig teruggeveg en kon uiteindelik 'n troosdrie aanteken. Die voorsitter, Nicky Crosney

sê dit was moeilik om spelers uit te sonder, maar Delicious se kaptein, Shandré Prince was die uitblikker op die dag.

Met die oorwinning is Delicious amptelik gekroon as die Noordwes Boland Groot Uitdaag Ligakampioene. Delicious A wen die wedstryd met 87 teenoor Majestics A se 10.

In die B-afdeling wen Delicious met 67 teen Majestic 0. In die C-afdeling wen Delicious met 27 teen Majestics 0.

Delicious het 22 wedstydde gespeel waarvan hul 21 gewen en 1 verloor het.

Puntemakers vir Delicious: Drieë deur Eshton Fryer (2), Carl-Andrew Heins (3), Jovani Horn, Darryn Phillips, Clayton Coetzee, Quindre Louis, Shandré Prince en Quiwinn Faraa.

Doelskoppe word aangeteken deur: Gerzwinn Walker (4), Jovani Horn (1) Quindre Louis (2) Eshton Fryer (1) en Kilermo Koopman (2).

Die fokus skuif nou na die Sanlam Boland Top 12 Kompetisie wat op 11 Oktober begin. Noordweste sal deur Delicious Rugbyklub en Vanrhynsdorp Eagles Rugbyklub verteenwoordig word. Ondersteuners word uitgenooi om die spanne in die Top 12 te ondersteun.

Duiwe hou eienaars aan die wag

Berig: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die voorlaaste vlug van die 2025 seisoen is gevlieg vanaf Modderivier. Die duif is om 07:15 losgelaat in effe bewolkte weer en 'n fris suidoostewind het gewaai. Dit sou beteken dat vir die afgrigters by die huis dit 'n lang dag en wag kon word. Inderdaad was dit ook so en daar was teen donker Saterdag-aand, 13 September geen duif by sy hok nie.

Sondagoggend het die geveerde vriende egter seker gemaak dat almal vroeg uit die vere moes wees in afwagting om te sien watter van die atlete vroeg reeds die pad verder kon aandurf hok

toe. Om 06:38 het die 1ste duif sy opwagting by die hokke van Piet Geldenhuys en Johan Huysamen van Trawal gemaak, wat die 1ste twee posisies verower het. Hulle is gevolg deur Zass Lofts 3de en in die 4de plek Baard hokke. Jean Agenbach se duif het seker gemaak dat hy as die Drie Duif nominasiewenner vir vanjaar gekroon word. Die weeklikse prys is opgeraap deur Boesman en Gawie Gilomee van die Lutzville Klub. Strauss Hokke van Vredendal word bedank vir die skenk van die afgelope naweek se reuse prys, 'n mannetjie en 'n wyfie duif uit hulle broeihokke. Die laaste vlug is op hande en sal gevlieg word vanaf Warrenton.

Suksesvolle hengelskompetisie

Berig en foto's: Verskaf

CLANWILLIAM: Plaaslike hengelaars het Saterdag, 6 September by Lebanon Citrus Holiday Farm bymekaargekom vir 'n opwindende hengelskompetisie, wat beslis 'n dag is om te onthou. Met sonskynweer was die omstandighede ideaal vir 'n dag langs die water.

Die kompetisie was vir hengelaars van alle ouderdomme wat hul lyne in vriendelike mededinging uitgegooi het. Hul geduld en vaardigheid is ruim beloon, aangesien meer as 40 visse gedurende die dag gevang is.

Organiseerders het die dag as 'n groot sukses beskryf en beklemtoon dat die gees van samehorigheid en sportmanskap regdeur die geleentheid gevoel is. Toeskouers het die opwinding van die vangs geniet, sowel as die lewendige atmosfeer langs die oewer.

Die kompetisie was weereens nie net 'n toets van vaardigheid nie, maar ook 'n viering van gemeenskap, die buitelewe en 'n gesamentlike passie vir hengel.

Planne is reeds aan die gang vir die volgende geleentheid, wat beloop om voort te bou op die momentum en opwinding van hierdie onvergeetlike dag.

Hier volg die uitslae: Ruan Nieuwoudt-1ste, Calvin Andrew - 2de, hy vang die grootste vis die naweek van 6.5kg en verbeter ook sy persoonlike beste. Derde is Niel du Toit. By die jongspan is Zelda van Dyk eerste en by die vroue is Bianca Liebenberg eerste. Die matriekleeders, Paul Liebenberg en Charlton Mouton het elkeen 'n Sterkte sê-pakkie ontvang. Mouton het ook sy persoonlike beste verbeter met 'n vis van 5.15 kg.



Ruan Nieuwoudt en Frikkie van Dyk.



Calvin Andrew en Frikkie van Dyk.



Niel du Toit en Frikkie van Dyk.



Bianca Liebenberg en Frikkie van Dyk.



Zelda en Frikkie van Dyk.



Charlton Mouton en Frikkie van Dyk.